Verwysing: 20160915-4247
11/1/1/1/231
Navrae: C Walker

Omsendbrief: 0038/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van alle openbare skole

Kort opsomming: *eLeer as 'n strategiese spelwysiger, agtergrond, eLeerstrome, leweringsraamwerk, skole, ontwikkeling, skoolgereedheid en stappe.*

Onderwerp: eLeer as 'n strategiese spelwysiger

1. Agtergrond

1.1 In 'n poging om geleenthede te verbeter en sommige van die uitdagings van die burgers van die provinsie aan te spreek, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) sewe intervensies of "spelwysigers" geïdentifiseer wat ontwerp is om die manier waarop hierdie kwessies tans hanteer word, effektief te verander. Die sewe katalisators of spelwysigers is:

- Uitbreiding van vakleerlingskappe
- Bereiking van energiesekuriteit
- Lewering van hoëspoedbreëband
- Implementering van eLeer van gehalte by skole
- Uitbreiding van buitemuurse aktiwiteite van gehalte
- Baanbreking van 'n beter lewensmodel
- Vermindering van alkoholverwante nadele

1.2 Die WKR en die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal binne die volgende driejaartydperk die grondslag vir eLeer in die provinsie vaslê. Dit sal toegang tot digitale onderrig, leerhulpbronne en ondersteuning fasiliteer wat tot die visie van die skep van 'n "hoogs geskoolde, innovasiegedrewe, hulpbrondoeltreffende, hoëgeleentheidsamelewing vir almal" sal bydra.

2. **Die eLeer-spelwysiger**

2.1 Die eLeer-spelwysiger verwoord die WKOD se verbintenis tot die uitbreiding van sy bestaande tegnologiebasis en digitale hulpbronne ten einde virtuele leeromgewings by skole as 'n strategiese prioriteit te skep.

2.2 Die eLeer-spelwysiger fokus op ses strome om dit te bereik, naamlik; die skepping van 'n eKultuur in skole wat deur eInfrastuktuur en 'n eAdminstelsel ondersteun word om in skole gebruik te word, asook goed opgeleide eOnderwysers wat van eTegnologie en eInhoud in hul lesse gebruik maak.

Figuur 1: eLeerstrome



3. **Leweringsraamwerk**

3.1 Die WKR is daartoe verbind om aanvanklik hoëspoedbreëbandkonnektiwiteit aan byna elke skool in die provinsie te voorsien via 'n wye area netwerk (WAN) en plaaslike area netwerk (LAN) met Wi-Fi-konnektiwiteit by byna elke terrein. Alternatiewe konnektiwiteit sal aanvanklik aan skole voorsien word wat nie aan die vesel-optiese netwerk gekoppel is nie.

3.2 Die WKOD het voorlopig 'n trapsgewyse, geteikende, oplossingsgeoriënteerde benadering aanvaar wat die resultaatgefokusde lewering van die eLeer-bekendstellingsproses kan voortdryf. Dit kan insluit die opknapping van huidige rekenaartegnologie, die toerus van slimklaskamers, die voorsiening van leerder- en

onderwysertoestelle asook die ontwikkeling en voorsiening van onderwyserspesifieke opleiding en ontwikkeling.

3.3 Die WKOD verskaf toegang tot digitale onderrig- en leermateriaal via 'n ePortaal en sal saam met onderwysers en inhoudontwikkelaars werk om progressief KABV-gerigte digitale hulpbronne op die portaal te plaas.

4. **Skole**

4.1 In 'n poging om toegang tot 'n digitaalbevoegde omgewing te bespoedig, is skole voorlopig in drie kategorieë verdeel, naamlik universele, gevorderde en modelskole.

4.2 **Universele skole** sal aanvanklik basiese toegang tot die internet deur 'n rekenaarlokaal of 'n Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT)-stelsel hê. In hierdie skole sal die WKR leerders en onderwysers toegang tot digitale hulpbronne deur middel van WAN via LABs en sentrale Wi-Fi-toegangspunte gee.

4.3 **Gevorderde skole** is daardie skole wat LAN het of dit gedurende hierdie spelwysigerstydperk sal ontvang. LAN fasiliteer toegang tot WAN en maak koordlose konnektiwiteit in die klaskamer moontlik. Onderwysers sal aanvanklik toestelle ontvang om voordeel te trek uit hierdie toegang en leerders kan toegelaat word om toegang te verkry deur middel van 'n Bring jou eie Toestel (Bring Your Own Device [BYOD])-model.

4.4 **Modelskole** sal die volle eLeeromgewing implementeer; eLeer in hul onderwyspraktyke integreer; eInhoud ontwikkel en daartoe bydra; 'n eKultuur vestig; en beste praktyke ontwikkel wat op die lange duur tot voordeel van skole sal wees.

4.5 Skole sal mettertyd van Universele na Gevorderde en dan na Modelskole vorder, hetsy deur die WKOD se bekendstellingsproses of eie/weldoenerbefondsing.

5. **Deurlopende Professionele eOnderwyserontwikkeling**

5.1 Die WKOD is verbind tot die ontwikkeling van 'n onderwyserspesifieke IKT-opleidingsrigting wat gebaseer is op elke onderwyser se vaardigheidsvlakke wat deur 'n aanlyn IKT-assesseringsinstrument geïdentifiseer is.

5.2 Hoogs bekwame eOnderwysers vorm die ruggraat van die sukses van die eLeerspelwysiger. Opleiding en die ontwikkeling van die nodige IKT-vaardighede asook die pedagogiese toepassing daarvan in die klaskameromgewing is dus 'n WKOD-vereiste waartoe alle onderwysers hulle moet verbind en ten volle moet ondersteun.

6. **Skoolgereedheid**

'n Onlangse opname wat deur die Ondersteuningseenheid vir dienslewering in die Departement van die Premier gedoen is, toon dat:

- 85% van beide onderwysers en prinsipale aangedui het dat hulle van mening is dat hul skool vir eLeer gereed is;
- 91% van onderwysers en 99% van prinsipale wat gereageer het, dink eLeer is nuttig om onderrig en leer te verbeter;
- 53% van onderwysers aangedui het dat 'n IKT-komitee aangestel is;
- 52% van onderwysers aangedui het dat hul skool nie oor 'n IKT-beleid vir klaskamers met toegang tot tegnologie beskik nie; en
- 66% van onderwysers aangedui het dat hulle IKT gebruik om lesbeplanning te doen.

7. **Aksies**

Aan die hand van hierdie bevindinge word prinsipale aangemoedig om aandag te skenk aan:

- die inhoud van hierdie omsendbrief met hul personeel en die beheerliggaam;
- daardie areas binne die Skoolontwikkelingsplan wat tegnologiebemagtigde aktiwiteite behandel;
- sekuriteitsaangeleenthede;
- voorafbestaande elektrisiteitskwessies;
- die voorbeieding van klaskamers/laboratoriums vir IKTi;
- IKT-beleide; en
- ander skoolspesifieke IKT-kwessies.

8. **Kommunikasie**

Oor die volgende driejaartydperk sal inligtingsessies plaasvind en inligtingsbriewe uitgestuur word wat die ontwikkeling van die eLeerspelwysiger en skole se posisies in die bekendstellingsproses sal beklemtoon.

9. **Navrae**

Enige navrae aangaande hierdie omsendbrief kan aan Clinton Walker by tel. 021 467 2351 of e-pos Clinton.Walker@westerncape.gov.za gerig word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-09-22